## Reëls

**1.** Die kompetisie word gespeel volgens die reëls van die R & A van Skotland. Enige dispuut sal na die komitee van die Worcester Gholfklub verwys word en laasgenoemde se beslissing is finaal.

**2.** Die Wijnlander bestaan uit twee afdelings:
- Ope afdeling.
- Spankompetisie.

**3.** Aan die einde van die toernooi word die kampioene in elk van die twee afdelings aangewys. Die titel kan nie gedeel word nie en daar sal slegs een wenner per afdeling wees. Daar is ‘n uittel prosedure in die geval van ‘n gelykop uitslag.

**4.** Deelnemers mag nie meer as twee spelers per vierbal nomineer nie. Die ander twee spelers per vierbal sal deur die bestuur bepaal word.

**5.** ‘n Deelnemer moet ‘n ingeskrewe lid van ‘n amptelike gholfklub wees en oor ‘n amptelike voorgee beskik.

6. ‘‘n Speler begin die toernooi op sy VOOGEE INDEKS soos aangetoon op Handicap Network Afrika se stelsel die oggend van 25 September 2019. Alle tellings gespeel tot en met 24 September 2019 moet teen 24 September ingevoer wees. Die VOORGEE INDEKS sal gebruik word om die speler se BAAN VOORGEE, volgens die spesifieke bof vir die betrokke speler, vir die aanvang en duur van die toernooi te bepaal, onderhewig aan aanpassings soos in reel 8 gemeld.

7 Die voorgee, soos in reël 6 bepaal, waarmee elke speler die toernooi begin, is sy amptelike voorgee en slegs die komitee mag die voorgee verander. Sou ‘n speler se voorgee gedurende die toernooi verander as gevolg van die voorgee reëls van die SA Gholfunie (SAGA), sal dit eers ná afloop van die toernooi van krag word.

8 Die komitee behou die reg voor om enige speler se voorgee tydens die toernooi aan te pas. ‘n Speler met ‘n individuele telling van 39 punte se BAAN VOORGEE sal aangepas word met een hou minder, ‘n telling van 40 met twee houe minder ens. Daar is geen limiet op hierdie aanpassing nie. Voorgee aanpassings sal slegs op die BAAN VOORGEE en nie op die VOORGEE INDEKS gedoen word.

**6.**

**7.** Voorgee-aanpassings sal nie van toepassing op die beterbal kompetisie wees nie.

**8.** Alle spelers wat huidiglik toestemming het om van die ou blou bowwe te speel, mag van die rooi bowwe speel. Alle ander spelers moet van die wit bowwe in die toernooi speel.

**9.** Elke speler is verantwoordelik om sy eie telling op die HNA-rekenaar in te voer. Die klub aanvaar geen verantwoordelikheid hiervoor nie.

**10.** Indien twee of meer spelers op ‘n dag gelykop eindig, sal die klub se normale uittelprosedure gevolg word om die wenner te bepaal.

**11.** Indien twee of meer spelers vir die algehele prys gelykop eindig, sal daar ‘n uittelprosedure wees om die wenner te bepaal, nl;

a. Die twee beste Individuele Stableford-tellings wat op enige van die drie dae aangeteken is.
b. Die beste Individuele Stableford-telling wat op enige dag aangeteken is.
c. Die persoon met die laagste voorgee.
d. Indien dit steeds gelyk is, sal die kampioen met die opskiet van ‘n muntstuk bepaal word.

**12.** ‘n Deelnemer moet by die prysuitdeling wees om vir sy prys te kwalifiseer. Indien ‘n deelnemer nie tydens die prysuitdeling sy prys ontvang nie as gevolg van afwesigheid, sal die prys aan die persoon in die volgende posisie oorhandig word. Naaste-aan-die-pen- en langste dryf-pryse wat nie deur die speler tydens prysuitdeling opgeëis word nie, sal aan die klub oorgedra word.

**13.** Die Komitee behou die reg voor vir deelname aan die toernooi, asook die reg het om voorgees voor die aanvang van die toernooi aan te pas in hul uitsluitlike diskresie sou hulle dit nodig ag

**14.** Lede wie se ledegelde nog uitstaande is, sal nie toegelaat word om te speel nie

**Afdelings**:

**Ope-afdeling:**

1. Mans of dames wat nie meer skool gaan nie.
2. Die ope afdeling sal beslis word op Donderdag, Vrydag en Saterdag.
3. Al drie individuele tellings oor die drie dae word bymekaar getel om die wenner te bepaal.
4. Daar sal daagliks sewe plekpryse op die spel wees en algeheel sal daar drie pryse op die spel wees.

**Spankompetisie**:

1. ‘n Span bestaan uit vier deelnemers in die Ope-afdeling.
2. ‘n Span moet voor die aanvang van die toernooi saamgestel word en op ‘n amptelike registrasievorm registreer.
3. Die spankompetiie sal beslis word op Donderdag, Vrydag en Saterdag.
4. Die drie beste tellings van die vier spanlede sal elke dag tel en die laagste telling sal buite rekening gelaat word.
5. Slegs twee spelers van dieselfde span sal toegelaat word om in dieselfde vierbal te speel.
6. In die geval van ‘n gelykopuitslag vir die algehele pryse, sal die uittelprosedure as volg werk:
   a. Al vier spelers se tellings oor al drie dae word bymekaar getel.
   b. Saterdag se vier tellings word bymekaar getel.
   c. Vrydag se vier tellings word bymekaar getel.
   d. Donderdag se vier tellings word bymekaar getel.
   e. Die span met die laagste totale voorgee’s.
7. Daar sal ‘n algehele 1ste prys wees

**Formaat van die week:**

| DAG | DATUM | FORMAAT |
|---|---|---|
| WOENSDAG | 25 SEPTEMBER | BETERBAL STABLEFORD |
| DONDERDAG | 26 SEPTEMBER | IND. STABLEFORD |
| VRYDAG | 27 SEPTEMBER | GEKOMBINEERDE STABLEFORD |
| SATERDAG | 28 SEPTEMBER | IND. STABLEFORD |